# Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) Undergraduate Selection Process 2024-intake Frequently Asked Questions (FAQ)

- **What are the requirements for study at the Faculty of Medicine and Health Sciences?**
  Each of our undergraduate programmes follows a selection guideline (available here), which outlines the admission requirements for each of our 3 selection categories.
  These categories are as follows:
  B1: Current learners (grade 12) and applicants who have completed school;
  B2: Registered university students; and
  B3: Applicants with tertiary qualifications and/or work experience.
  Please read these guidelines carefully.

- **How many undergraduate programmes may I apply for at the Faculty of Medicine and Health Sciences?**
  You may apply for any three undergraduate programmes at Stellenbosch University, irrespective of whether they are in the same faculty or in different faculties. Your choices do not need to be ranked in order of preference and you will be considered equally for all the choices on your application.

- **Can I apply if I am taking or am in a gap year?**
  Yes, gap-year applicants are considered for selection in Category B1 (current matriculants and matriculated applicants), provided that you have not studied at another tertiary institution and have matriculated within 3 years of applying. Therefore, for the 2024 intake, you should have matriculated in 2021, 2022 or 2023.

- **I missed the application closing date; do you consider late applications?**
  Unfortunately, if you missed the closing date to submit your application, we will not be able to consider you and you will have to wait until the next application cycle to apply to our programmes.

- **If my application is incomplete, what do I do?**
  Applications that have not been submitted by the closing date of 31 July 2023 or completed by the required date to upload outstanding documents will not be considered for the 2023 intake.

- **Can I send in my June 2023 marks to be considered?**
  No, selection takes place based on either final grade 11 results or final grade 12 results.

- **Must I write the National Benchmark Test (NBT)?**
  No, applicants are not required to write the NBT, with the exception of School of Tomorrow (SOT) applicants. In addition to meeting the minimum admission requirements, SOT applicants must meet the NBT requirements for admission as outlined in the relevant programme's selection guideline (in order to obtain university exemption from the South African Matriculation Board).

- **If I am in the process of improving my grade 12 results for the 2023 application cycle, will I be considered for selection to a Faculty of Medicine and Health Sciences programme?**

  Yes, your application will be considered based on the full set of results available to the selection panel. Please send us your final (revised) grade 12 results as soon as they become available, so that we may update your application with your improved/updated subjects

and results. Email a copy of these results to info@sun.ac.za and tygselections@sun.ac.za. Provide your application number (APP/1234567) or 7-digit Stellenbosch University student number along with the official proof of your revised results.

- **If I have foreign school results, will I be considered for selection?**
  Yes, please see the International Curricula guideline for details on how we handle your application at Stellenbosch University (SU). Please note that it is your responsibility to send your final results to SU as soon as they become available. Always provide your APP number (APP/1234567) or 7-digit SU student number in this process. Email a copy of these results to info@sun.ac.za and tygselections@sun.ac.za.

- **I am an international applicant; will I be considered for selection?**
  MBChB applicants
  The MBChB programme only considers applicants who are South African citizens, applicants with proof of permanent residency status and those with proof of refugee status, due to the limitations imposed on foreign nationals to be placed in South Africa for internship and community service. The internship and community service programme is coordinated by the National Department of Health.
  Physiotherapy, Occupational Therapy, Nursing, Dietetics, and Speech-Language and Hearing Therapy applicants
  Preference will be given to South African citizens, applicants with proof of permanent residency status or those with proof of refugee status when applicants are considered for selection.

- **Where can I find the selection guidelines for the programmes?**

  Go to www.maties.com and click on the "Apply" drop-down list > "Admission and Selection Requirements" and scroll down to "Faculty Selection Guidelines".

FACULTY SELECTION GUIDELINES

Large numbers of prospective students apply for our programmes. Unfortunately we can accept only a limited number of students. Even though you may meet the admission requirements of a programme, you are not guaranteed admission to the programme of your choice.

AgriSciences
Arts and Social Sciences
Economic and Management Sciences
Education (Foundation Phase)
Education (Intermediate Phase)
Engineering
Law
Science
Medicine and Health Sciences
- MBChB
- Dietetics
- Physiotherapy
- Speech-Language and Hearing Therapy
- Occupational Therapy
- Nursing
Military Science

- **Does the Faculty of Medicine and Health Sciences have a specific cut-off score for selection or an indication of how well I must perform at school to be selected?**

- No, our programmes do not use a cut-off score for selection.
- Category B1 applicants (current learners (grade 12) and applicants who have completed school) are selected based on academic merit (academic performance at school)

Applicants are ranked according to the academic merit and the selection guideline for the programme in question is then applied.

- For Category B2 applicants who are registered for undergraduate qualifications, selection is based purely on academic merit at university and the demographic profile of the first-year intake.
- Category B2 applicants who are registered for postgraduate qualifications and all Category B3 applicants are shortlisted for an interview with the relevant selection panel based on academic merit at university, a structured motivational letter and the demographic profile of the first-year intake. A final selection is made after applicants on the shortlist have been further assessed by means of a personal interview. An invitation to an interview is by no means a guarantee that an applicant will be selected.

➢ **Is there a waiting list?**

Some applicants are placed on a waiting list in 2023 and if cancellations have been received during 2023 and there are places available in a programme, waitlisted applicants can receive a conditional offer of admission prior to the end of 2023.
If we are unable to select you from the waiting list in 2023, your application will be marked as unsuccessful and will be reconsidered automatically in 2024 along with all unplaced applicants.

➢ **What if my application was unsuccessful during the 2023 selection process? Is there a reconsideration process? How does it work?**

- If your application has been marked as unsuccessful during 2023, there is a reconsideration process that takes place after the release of the final National Senior Certificate (or equivalent) results.
- In 2024, all available places in a programme are first filled by applicants who were conditionally admitted in 2023 and who now meet the admission requirements with the final National Senior Certificate (or equivalent) results, or by applicants who already received a final offer during 2023.
- The remaining applicants, those who were declined and were waitlisted in 2023, are automatically transferred to a new waiting list in 2024.
- Waitlisted applicants will be re-considered for selection in 2024 based on cancellations received and places available in the programme in question.
- Please note that the reconsideration and your place on the waiting list are based on the academic merit which comprises your final National Senior Certificate (or equivalent) results
- Reconsideration of applications will be handled daily up until the second week of the academic year, after classes have commenced, or until the first-year classes are filled up completely.

➢ **If I accept an offer at another university, will my name be removed from the reconsideration list for January/February 2024?**

No. If you applied for a Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) programme before the 31 July 2023 closing date, and the FMHS can offer you a place in the FMHS programme you applied to after reconsideration in 2024, the Selection Office will contact you telephonically and by email during January/February 2024. Therefore, please make sure that Stellenbosch University has your correct cell number and email address available. If your contact details have changed, send your new contact details in an email to info@sun.ac.za, together with your application number, so that we always have your most recent contact details.

➢ **Can I proceed to accept my 'other/second' Stellenbosch University programme choice while I await a Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) reconsideration? Will it not hamper/cancel my reconsideration at the FMHS?**

You may accept another programme offer – you will remain on the FMHS reconsideration list until the reconsideration processes are concluded. This process will be concluded two weeks after commencement of classes or sooner if the FMHS programme in question is filled up completely.

- **If I accept another programme choice at Stellenbosch University (SU), and register for this other programme in 2024, may I apply again for a Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) programme for the 2025 intake? How does this work?**

  Yes, if an applicant meets the minimum requirements (based on their final school results as outlined in the selection guidelines) of the FMHS programme in question and they have registered for another SU programme in another faculty in 2024, they may apply in selection Category B2 (currently registered students). Please take note of the Programme Selection Guidelines for details regarding the Category B2 requirements and process per FMHS programme.

- **If I accept an undergraduate programme choice at the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS), and register for this undergraduate FMHS programme in 2024, may I apply again for a different FMHS programme for the 2025-intake? How does this work?**
  No, the FMHS does not allow applicants currently registered for an FMHS undergraduate programme to apply for another FMHS undergraduate programme. You can only apply for selection to an undergraduate FMHS programme as a Category B2 applicant (registered university student) if you are registered for a non-health sciences programme at another faculty.

- **If I start studies at another university, may I apply again at Stellenbosch University (SU)?**
  Physiotherapy, Occupational Therapy, Nursing, Dietetics, Speech-Language and Hearing Therapy applicants
  If you are registered at another university at the time of application, you can be considered in Category B2 (registered university students), if you are not registered for a health sciences programme also offered at SU (MBChB, Physiotherapy, Occupational Therapy, Nursing, Dietetics, Speech-Language and Hearing Therapy).
  MBChB applicants
  Places are reserved for SU students who are SA citizens, permanent residents or refugees and who pursue relevant fields of study (preferably related to the natural sciences). Due to the limited number of places in the programme, no students who are enrolled at another institution at the time of application can be considered for selection for MBChB.

- **Can I change my programme choice to a Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) programme after the selection results in another faculty become available?**
  If you have not applied specifically for an FMHS programme, you will not be allowed to change your programme choice to an FMHS programme after the application closing date of 31 July 20223.

- **Can I change my programme choice from a Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) programme to a programme in another faculty after the selection results becomes available?**
  If you would like to change your programme choice from an FMHS programme to a programme in another faculty, you should contact that other programme's faculty representative to determine if the other faculty will allow you to change your programme choice.

- **Can I apply for a place in a residence at Tygerberg Campus (the campus of the Faculty of Medicine and Health Sciences)?**

Yes, you can apply for a place in a residence at Tygerberg Campus if you have received an offer of admission to a programme offered at Tygerberg Campus (MBChB, Nursing, Dietetics and Physiotherapy). Occupational Therapy and Speech-Language and Hearing Therapy is offered at the Stellenbosch Campus at their start and these programmes move to Tygerberg in the second and third years respectively. Occupational Therapy and Speech-Language and Hearing Therapy students can apply for a Tygerberg Campus residence in the first and second years respectively.

- **Can I apply for Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) bursaries?**
  As soon as you have been admitted to an undergraduate programme, you can apply for financial assistance via the Stellenbosch University (SU) student portal my.sun.ac.za. The portal for under- and postgraduate financial assistance applications is available after logging onto the student portal. You can log onto the student portal using your 7-digit SU student number – which will be sent to you after you have been admitted. For the funding opportunities available to current and prospective FMHS students, click here.

- **Whom can I contact at the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) for more information regarding undergraduate applications?**

***Undergraduate Selection and Recruitment Office (Tygerberg Campus)***

*General enquiries*
Email: tygselections@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9203

Anthea Roberts (Occupational Therapy, Nursing and Speech-Language and Hearing Therapy)
Email: anthear@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9533

Carin Basson (MBChB, Physiotherapy, Dietetics)
Email: cb3@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9580

*General enquiries (Stellenbosch Campus) and current Stellenbosch University student applications for FMHS programmes:*
Jabulile Zim
Email: jabuz@sun.ac.za
Tel: +27 21 808 4842

***Undergraduate Bursaries and Loans Office (Tygerberg Campus)***

*General enquiries*
Email: tygbursaries@sun.ac.za

Noluvuyo Capsana
Email: ncapsana@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9458

Rochelle Sylvester

Email: sylvester@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9129

***Residence Placement (Tygerberg Campus)***
Annelie Scholtz
Email: amscholtz@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9378

# Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) Voorgraadsekeuringsproses vir die 2024-inname Gereelde vrae (GV)

- **Wat is die vereistes vir studie aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe?**
  Elkeen van ons voorgraadse programme volg ŉ keuringsriglyn (hier beskikbaar), wat die toelatingsvereistes vir elkeen van ons 3 keuringskategorieë uiteensit.
  Hierdie kategorieë is as volg:
  B1: Huidige leerders (graad 12) en aansoekers wat reeds skool voltooi het;
  B2: Geregistreerde universiteitstudente; en
  B3: Aansoekers met tersiêre kwalifikasies en/of werkervaring.
  Lees asseblief hierdie riglyne sorgvuldig.

- **Vir hoeveel voorgraadse programme mag ek in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aansoek doen?**
  Jy mag vir enige drie voorgraadse programme aan die Universiteit Stellenbosch aansoek doen, ongeag daarvan of die programme in dieselfde fakulteit is of in verskillende fakulteite. Jy hoef nie jou keuses in volgorde van voorkeur te plaas nie en al die keuses op jou aansoek sal met gelyke gewig oorweeg word.

- **Kan ek aansoek doen as ek van plan is om ŉ oorbruggingsjaar (*gap year*) te neem of in ŉ oorbruggingsjaar is?**
  Ja, oorbruggingsjaaraansoekers word in Kategorie B1 (huidige matrikulante en aansoekers wat reeds gematrikuleer het) oorweeg, op voorwaarde dat jy nog nie aan ŉ ander tersiêre instelling gestudeer het nie en aansoek doen binne 3 jaar nadat jy gematrikuleer het. Vir die 2024-inname moes jy dus in 2021, 2022 of 2023 gematrikuleer het.

- **Ek het die aansoeksluitingsdatum gemis; oorweeg julle laat aansoeke?**
  As jy die sluitingsdatum vir die indiening van jou aansoek gemis het, sal ons ongelukkig nie in staat wees om jou te oorweeg nie, en sal jy moet wag tot die volgende aansoeksiklus om vir ons programme aansoek te doen.

- **Wat doen ek as my aansoek onvolledig is?**
  Aansoeke wat nie teen die sluitingsdatum van 31 Julie 2023 ingedien is of voltooi is teen die vereisde datum vir die oplaai van uitstaande dokumente nie, sal nie vir die 2024-inname oorweeg word nie.

- **Kan ek my Junie 2023-punte vir oorweging instuur?**
  Nee, keuring word gebaseer óf op finale Graad 11-uitslae óf finale Graad 12-uitslae. Slegs indien jou Graad 11-jaareindeksamen in gedrang gestel is deur Covid-19, sal jy die opsie hê om jou aansoek in Julie te voltooi en jou uitslae vir die middel van die jaar van Graad 12 in te dien.

- **Moet ek die Nasionale Normtoets (NNT) skryf?**
  Nee, daar word nie van aansoekers verwag om die NNT te skryf nie, met die uitsondering van School of Tomorrow-aansoekers. Bykomend tot voldoening aan die minimum toelatingsvereistes, moet School of Tomorrow-aansoekers voldoen aan die NNT-vereistes vir toelating soos uiteengesit in die relevante program se keuringsriglyn (ten einde universiteitsvrystelling van die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad te verwerf).

- **As ek besig is om my Graad 12-uitslae vir die 2023-aansoeksiklus te verbeter, sal ek vir keuring vir ŉ program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe oorweeg word?**
  Ja, jou aansoek sal oorweeg word op grond van die volledige stel uitslae wat vir die keuringspaneel beskikbaar is. Stuur asseblief vir ons jou finale (opgedateerde) Graad 12-uitslae sodra hulle beskikbaar is, sodat ons jou aansoek met jou verbeterde/opgedateerde vakke en uitslae kan opdateer. E-pos ŉ afskrif van hierdie uitslae aan info@sun.ac.za en tygselections@sun.ac.za. Verskaf jou aansoeknommer (APP/1234567) of 7-syfer-studentenommer van die Universiteit Stellenbosch saam met die amptelike bewys van jou opgedateerde uitslae.

- **Indien ek uitslae van ŉ buitelandse skool het, sal ek vir keuring oorweeg word?**
  Ja, kyk asseblief na die Internasionale Kurrikulums se riglyn vir details oor hoe ons jou aansoek by die Universiteit Stellenbosch (US) hanteer. Let asseblief daarop dat dit jou verantwoordelikheid is om jou finale uitslae aan die US te stuur sodra dit beskikbaar is. Verskaf altyd jou aansoeknommer (APP/1234567) of 7-syfer-studentenommer van die US tydens hierdie proses. E-pos ŉ afskrif van hierdie uitslae aan info@sun.ac.za en tygselections@sun.ac.za.


- **Ek is ŉ buitelandse aansoeker; sal ek vir keuring oorweeg word?**
  <u>MBChB-aansoekers</u>
  Die MBChB-program oorweeg slegs aansoekers wat Suid-Afrikaanse burgers is, aansoekers met bewys van permanenteverblyfregstatus of diegene met bewys van vlugtelingstatus, weens die beperkings op buitelandse burgers om in Suid-Afrika geplaas te word vir internskaps- en gemeenskapsdiens. Die internskap- en gemeenskapsdiensprogram word deur die Nasionale Departement van Gesondheid gekoördineer.

  <u>Arbeidsterapie-, Dieetkunde- Fisioterapie-, Spraak-Taal- en Gehoorterapie- en Verpleegkunde-aansoekers</u>
  Voorkeur word aan Suid-Afrikaanse burgers, aansoekers met bewys van permanenteverblyfregstatus of diegene met bewys van vlugtelingstatus gegee wanneer aansoekers vir keuring oorweeg word.

- **Het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe ŉ spesifieke afsnytelling vir keuring of ŉ aanduiding van hoe goed ek op skool moet doen om gekeur te word?**
  - Nee, ons programme gebruik nie ŉ afsnytelling vir keuring nie.
  - Kategorie B1-aansoekers (<u>huidige leerders (graad 12) en aansoekers wat reeds skool voltooi het</u>) word gekeur op grond van akademiese merieite (akademiese prestasie op skool) Aansoekers word aan die hand van die akademiese meriete op ŉ ranglys geplaas en die keuringsriglyn vir die betrokke program word dan toegepas.
  - Vir Kategorie B2-aansoekers wat vir <u>voorgraadse</u> kwalifikasies geregistreer is, word keuring slegs op akademiese meriete op universiteitsvlak en die demografiese profiel van die eerstejaarinname gebaseer.
  - Kategorie B2-aansoekers wat vir <u>nagraadse</u> kwalifikasies geregistreer is en alle Kategorie B3-aansoekers word op ŉ kortlys geplaas vir ŉ onderhoud met die relevante keuringspaneel gebaseer op akademiese meriete op universiteitsvlak, ŉ gestruktureerde motiveringsbrief en die demografiese profiel van die eerstejaarinname. Finale keuring word gedoen nadat aansoekers op die kortlys

deur middel van 'n persoonlike onderhoud verder geassesseer is. 'n Uitnodiging na 'n onderhoud is geensins 'n waarborg dat 'n aansoeker wel gekeur sal word nie.

- **Waar kan ek die keuringskriteria vir die programme vind?**
  Gaan na www.maties.com, klik op die "Aansoek"-aftreklys > "Toelating- en Keuringsvereistes" en rol af op die Toelating- en Keuringsvereistes-webblad na "Fakulteitskeuringsriglyne".



FAKULTEITSKEURINGSRIGLYNE

Groot getalle voornemende studente doen aansoek vir ons programme en plek is ongelukkig beperk. Al voldoen jy dus aan die minimumvereistes van 'n program, is dit nie 'n waarborg dat jy in die program van jou keuse 'n plek gaan kry nie.

AgriWetenskappe
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- MBChB
- Dieetkunde
- Fisioterapie
- Spraak-Taal-en Gehoorterapie
- Arbeidsterapie
- Verpleegkunde
Ingenieurswese
Lettere en Sosiale Wetenskappe
Natuurwetenskappe
Opvoedkunde (Grondslagfase)
Opvoedkunde (Intermediêre Fase)
Regsgeleerdheid
Krysgkunde

- **Is daar 'n waglys?**
  Sommige aansoekers word in 2023 op 'n waglys geplaas en as kansellasies tydens 2023 ontvang is en daar plekke in 'n program beskikbaar is, kan aansoekers op die waglys 'n voorwaardelike aanbod van toelating voor die einde van 2023 ontvang.
  As ons nie in staat is om jou uit die waglys vir 2023 te keur nie, sal jou aansoek as onsuksesvol gemerk word en outomaties in 2024 saam met alle ongeplaasde kandidate heroorweeg word.

- **Wat as my aansoek tydens die 2023-keuringsproses onsuksesvol is? Is daar 'n heroorwegingsproses? Hoe werk dit?**

- As jou aansoek as onsuksesvol gemerk is tydens 2023, is daar 'n heroorwegingsproses wat plaasvind na die bekendmaking van die Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae (of die ekwivalent daarvan).
- In 2024 word alle beskikbare plekke in 'n program eerstens gevul deur aansoekers wat voorwaardelik in 2023 toegelaat is en wat nou aan die toelatingsvereistes met die finale Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae (of die ekwivalent daarvan) voldoen of deur aansoekers wat reeds tydens 2023 'n finale aanbod ontvang het.
- Die oorblywende aansoekers, diegene wat afgewys is en op 'n waglys geplaas is in 2023, word outomaties na 'n nuwe waglys in 2024 oorgedra.
- Aansoekers op 'n waglys sal vir keuring in 2024 heroorweeg word gebaseer op kansellasies ontvang en plekke beskikbaar in die betrokke program.
- Let asseblief daarop dat die heroorweging en jou plek op die waglys gebaseer is op die akademiese meriete, wat saamgestel word uit jou finale Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae (of die ekwivalent daarvan)

- Heroorweging van aansoeke sal daagliks hanteer word tot die tweede week van die akademiese jaar, nadat klasse begin het, of totdat die eerstejaarsklasse heeltemal gevul is.

➢ **As ek ʼn aanbod aan ʼn ander universiteit aanvaar, sal my naam vanaf die heroorwegingslys vir Januarie/Februarie 2024 afgehaal word?**
Nee. As jy vir ʼn program aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aansoek gedoen het voor die sluitingsdatum van 31 Julie 2023, en die FGGW kan na heroorweging in 2024 aan jou ʼn plek bied in die FGGW-program waarvoor jy aansoek gedoen het, sal die Keuringskantoor jou telefonies en per e-pos tydens Januarie/Februarie 2024 kontak. Maak daarom asseblief seker dat die Universiteit Stellenbosch jou korrekte selnommer en e-pos-adres het. As jou kontakbesonderhede verander het, stuur asseblief jou nuwe kontakdetails in ʼn e-pos aan info@sun.ac.za, saam met jou aansoeknommer, sodat ons altyd jou nuutste kontakdetails het.

➢ **Kan ek voortgaan en my 'ander/tweede' programkeuse aan die Universiteit Stellenbosch aanvaar terwyl ek vir die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) se heroorweging wag? Sal dit nie my heroorweging aan die FGGW belemmer/kanselleer nie?**
Jy mag ʼn ander programaanbod aanvaar – jy sal op die FGGW-heroorwegingslys bly totdat die heroorwegingsproses afgehandel is. Die proses sal twee weke na die begin van klasse afgehandel word, of vroeër indien die betrokke FGGW-program heeltemal gevul is.

➢ **As ek ʼn ander programkeuse aan die Universiteit Stellenbosch (US) aanvaar, en vir hierdie ander program in 2024 registreer, kan ek weer aansoek doen vir ʼn program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) vir die 2025-inname? Hoe sou dit werk?**
Ja, as ʼn aansoeker aan die minimum vereistes voldoen (gebaseer op hulle finale skooluitslae soos uiteengesit in die keuringsriglyne) vir die betrokke FGGW-program en hy of sy het vir ʼn ander US-program in ʼn ander fakulteit in 2024 geregistreer, kan hy of sy ʼn aansoek in Kategorie B2 vir keuring (huidig geregistreerde studente) indien. Kyk asseblief na die Programkeuringsriglyne vir details rakende die Kategorie B2-vereistes en -proses per FGGW-program.

➢ **As ek ʼn voorgraadseprogramkeuse aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aanvaar en vir hierdie voorgraadse FGGW-program in 2023 registreer, kan ek weer aansoek doen vir ʼn ander FGGW-program vir die 2024-inname? Hoe sou dit werk?**
Nee, die FGGW laat nie aansoekers wat tans geregistreer is vir ʼn FGGW- voorgraadse program toe om vir ʼn ander FGGW- voorgraadse program te registreer nie. Jy kan slegs vir keuring in ʼn FGGW- voorgraadse program as ʼn Kategorie B2-aansoeker (geregistreerde universiteitstudent) aansoek doen as jy vir ʼn program in ʼn ander fakulteit geregistreer is.

➢ **As ek met studie aan ʼn ander universiteit begin, kan ek weer by die Universiteit Stellenbosch (US) aansoek doen?**
<u>Fisioterapie-, Arbeidsterapie-, Verpleegkunde-, Dieetkunde-, Spraak-Taal- en Gehoorterapie-aansoekers</u>
As jy aan ʼn ander universiteit geregistreer is wanneer jy aansoek doen, kan jy in Kategorie B2 (huidig geregistreerde studente) oorweeg word, op voorwaarde dat jy nie geregistreer is vir ʼn gesondheidswetenskappeprogram wat ook by die US aangebied

word nie (MBChB, Fisioterapie-, Arbeidsterapie-, Verpleegkunde-, Dieetkunde-, Spraak-Taal- en Gehoorterapie).
MBChB-aansoekers
Plekke word gereserveer vir US-studente wat Suid-Afrikaanse burgers, permanente inwoners of vlugtelinge is en wat in relevante studievelde studeer (verkieslik verwant aan die natuurwetenskappe). Weens die beperkte hoeveelheid plekke in die program, kan geen studente wat by ŉ ander universiteit ingeskryf is wanneer aansoek gedoen word, vir keuring vir die MBChB oorweeg word nie.

- **Kan ek my programkeuse na ŉ program van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) verander nadat die keuringsuitslae in ŉ ander fakulteit bekend gemaak is?**
  As jy nie spesifiek vir ŉ FGGW-program aansoek gedoen het nie, sal jy nie toegelaat word om jou programkeuse na ŉ FGGW-program te verander na die aansoeksluitingsdatum van 31 Julie 2023 nie.

- **Kan ek my programkeuse van ŉ program van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) na ŉ program in ŉ ander fakulteit verander nadat die keuringsuitslae bekend gemaak is?**
  As jy jou programkeuse van ŉ FGGW-program na ŉ program in ŉ ander fakulteit wil verander, moet jy die ander program se fakulteitsverteenwoordiger kontak om vas te stel of die ander fakulteit jou sal toelaat om jou programkeuse te verander.

- **Kan ek aansoek doen vir ŉ plek in ŉ koshuis op Tygerbergkampus (die kampus van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe)?**
  Ja, jy kan aansoek doen vir ŉ plek in ŉ koshuis op Tygerbergkampus as jy ŉ aanbod ontvang het vir toelating tot ŉ program wat op die Tygerbergkampus aangebied word (MBChB, Verpleegkunde, Dieetkunde en Fisioterapie). Arbeidsterapie en Spraak-Taal- en Gehoorterapie word aanvanklik op die Stellenboschkampus aangebied en hierdie programme skuif oor na Tygerberg toe in die tweede en derde jaar onderskeidelik. Arbeidsterapie- en Spraak-Taal- en Gehoorterapie-studente kan in die eerste en tweede jaar, onderskeidelik, vir ŉ plek in ŉ Tygerbergkoshuis aansoek doen.

- **Kan ek vir Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW)-beurse aansoek doen?**
  Sodra jy tot ŉ voorgraadse program toegelaat is, kan jy vir finansiële hulp via die Universiteit Stellenbosch (US) se studenteportaal my.sun.ac.za aansoek doen. Die portaal vir aansoeke vir voorgraadse en nagraadse finansiële hulp is beskikbaar nadat jy op die studenteportaal ingeteken het. Jy kan inteken op die studenteportaal met jou 7-syfer-US-studentenommer – wat aan jou gestuur sal word nadat jy toegelaat is. Klik hier vir die befondsingsgeleenthede wat tans vir huidige en voornemende FGGW-studente beskikbaar is.

- **Wie kan ek aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) kontak vir meer inligting rakende voorgraadse aansoeke?**

  ***Voorgraadsekeurings- en -werwingskantoor (Tygerbergkampus)***
  *Algemene navrae*
  E-pos: tygselections@sun.ac.za
  Tel: +27 21 938 9203

  Anthea Roberts (Arbeidsterapie, Verpleegkunde en Spraak-Taal- en Gehoorterapie)

E-pos: anthear@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9533

Carin Basson (MBChB, Fisioterapie, Dieetkunde)
E-pos: cb3@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9580

*Algemene navrae (Stellenboschkampus) en aansoeke deur huidige Universiteit Stellenbosch-studente vir FGGW-programme:*
Jabulile Zim
E-pos:jabuz@sun.ac.za
Tel: +27 21 808 4842

***Voorgraadse Beurse- en leningskantoor (Tygerbergkampus)***
*Algemene navrae*
E-pos: tygbursaries@sun.ac.za

Noluvuyo Capsana
E-pos: ncapsana@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9458

Rochelle Sylvester
E-pos: sylvester@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9129

***Koshuisplasing (Tygerbergkampus)***
Annelie Scholtz
E-pos: amscholtz@sun.ac.za
Tel: +27 21 938 9378